

Grondwet

Groenland Watergebruikersvereniging

1. Naam

NASIONALE WATERWET, 1998

Wet No. 36, 1998

GRONDWET VAN DIE GROENLAND WATERGEBRUIKERSVERENIGING

1. Naam van Vereniging

Die naam van die Vereniging is die Groenland Watergebruikersvereniging (hierna “die Vereniging” genoem.)

2. Toepassing van die Nasionale Waterwet van 1998 op Grondwet

Hierdie grondwet is onderhewig aan die bepalings van die Nasionale Waterwet, 1998 (Wet nr 36 van 1998, hierna “die Wet” genoem) en in besonder Hoofstuk 8 daarvan, asook Bylae 4 van die Wet, soos van tyd tot tyd gewysig deur die Minister van Waterwese en Bosbou (hierna “die Minister” genoem), welke Bylae 4 as Aanhangsel 4 aangeheg is.

3. Doelstellings van die Vereniging

3.1 Die *doelstellings* van die Vereniging binne sy bedryfsgebied is die volgende:

3.1.1 Die waterwerke, bekend as die Eikenhofdam en die waterverspreidingswerke vir die voorsiening van rou water, te beheer, te bestuur en te onderhou, asook die waterbronne waarop die lede van die Vereniging ingevolge Artikel 22(1) van die Wet geregtig is, te beskerm.

3.1.2 Deur middel van waterwerke onder beheer van die Vereniging, rou water aan persone wat ingevolge Artikel 22(1) van die Wet op die gebruik daarvan geregtig is, beskikbaar te stel met so min versteuring aan die natuur as moontlik.

3.1.3 In die algemeen toe te sien dat persone water onttrek en water gebruik in ooreenstemming met die watergebruiksmagtigings ingevolge Artikel 22(1) van die Wet.

- 3.1.4 Enige ander waterwerke en watergebruik te inspekteer en te monitor om toe te sien dat die watergebruik ingevolge die Wet plaasvind.
- 3.1.5 In droogtetoestande of verwagte droogte- en abnormale nadelige besproeiingstoestande, of in geval van breuke in die Vereniging se verspreidingstelsel(s), die hoeveelheid water waarop 'n persoon volgens sy gebruiksreg ingevolge Artikel 22(1) van die Wet geregtig is, tydelik vir spesifieke periodes in te kort en/of gedeeltelik of geheel te beperk.

3.2 Die *bedryfsgebied* van die Vereniging:

- 3.2.1 Die bedryfsgebied is geleë in die Breede Waterbestuursgebied Nr 18 in die Wes-Kaapse Provinsie. Die waterbronne onder beheer van die Vereniging lê binne die trajek van die opvanggebied van die Palmietrivier, en sluit in alle sytakke tot die rivier soos dit onderskeidelik ontspring in die Hottentots Hollandberge (noord/noordwes), die Kogelberge (wes/suidwes) en die Groenlandberge (oos tot en met die samevloeiings van Krom en Palmietriviere).
- 3.2.2 Die gebied sluit ook in ander eiendomme wat met die goedkeuring van die Minister by die bedryfsgebied ingesluit mag word, asook alle eiendomme ten opsigte waarvan watergebruiksregte uit die waterbronne en werke onder beheer van die Vereniging deur die Verantwoordelike Gesag, op 'n later stadium verleen mag word.
- 3.2.3 Die gebied sluit ook in enige ander gebied of enige ander waterbron buite die gebied soos hieronder omskryf, wat deur die Verantwoordelike Gesag onder beheer van die Vereniging geplaas mag word ten einde opdragte en funksies namens die Verantwoordelike Gesag uit te oefen.
- 3.2.4 Die bedryfsgebied van die Vereniging sluit alle eiendomme ten opsigte waarvan enige persoon kragtens Artikel 22(1) van die Wet die gebruiksreg op water het in en is as volg in een (1) Subdistrik en vier (4) Subgebiede verdeel:
 - 3.2.4.1 Subdistrik 1: Die opvanggebied van die sytakke tot die Palmietrivier, met die oorsprong in die Hottentots Hollandberg (noord-wes), insluitend die Eikenhofdam en die waterverspreidingsnetwerke van die Vereniging vanuit die dam.
 - 3.2.4.2 Subgebied 1: Die opvanggebied van die sytakke tot die Palmietrivier, wat in die Hottentots Hollandberge (noord) en die Groenlandberge (noord-oos) ontspring, tot en met en insluitend die Nuwebergdam.
 - 3.2.4.3 Subgebied 2: Die opvanggebied van die sytakke tot die Palmietrivier, wat in die Hottentots Holland- en die Kogelberge (wes) en die Groenlandberge (noord-oos) ontspring, insluitend die hoofstroom stroomaf van die Eikenhofdam tot die opgaarwerke Appelthwaite Lake. Die subgebied sluit die staatswerke te Kogelberg- en Rockviewdamme uit.
 - 3.2.4.4 Subgebied 3: Die volle opvanggebied van al die sytakke tot die Krom- en Solvariviere, tot en met die samevloeiings van die Palmiet- en Kromriviere.

- 3.2.4.5 Subgebied 4: Die opvanggebied van die sytakke tot die Palmiet- en Klein Palmietriviere, wat in die Kogelberge (wes) ontspring, insluitend die hoofstroom stroomaf van die staatswerke (Kogelbergdam), insluitende Arieskraal- en Klein Palmietdamme tot en met die samevloeiing van die Palmiet- en Kromriviere.
- 3.2.5 Met verwysing na bovermelde subdistrik en subgebiede van die bedryfsgebied is die onderskeie bevoegdhede en pligte van die Vereniging per subgebied, as volg:
- 3.2.5.1 Subdistrik 1: Bedryfsgebied met volle bevoegdhede en pligte kragtens paragraaf 3.1 en alle subparagraawe, hierbo vermeld.
- 3.2.5.2 Subgebied 1: Bedryfsgebied slegs met bevoegdhede en pligte kragtens paragraawe 3.1.2, 3.1.3 en 3.1.4.
- 3.2.5.3 Subgebied 2: Bedryfsgebied slegs met bevoegdhede en pligte kragtens paragraawe 3.1.3 en 3.1.4 hierbo vermeld.
- 3.2.5.4 Subgebied 3: Bedryfsgebied slegs met bevoegdhede en pligte kragtens paragraawe 3.1.3 en 3.1.4 hierbo vermeld.
- 3.2.5.5 Subgebied 4: Bedryfsgebied slegs met bevoegdhede en pligte kragtens paragraawe 3.1.2, 3.1.3 en 3.1.4 hierbo vermeld.

4. Hoofwerkzaamhede van die Vereniging

Die hoofwerkzaamhede wat deur die Vereniging binne sy bedryfsgebied uitgeoefen staan te word, is:

- 4.1 Om die verspilling van water uit enige waterhulpbron en waterwerke te voorkom.
- 4.2 Om waterhulpbronne en waterwerke te beskerm.
- 4.3 Om die onwettige gebruik van water te voorkom.
- 4.4 Om enige versperring wat wederregtelik in 'n waterloop of waterwerk aangebring is, te verwyder of te laat verwyder.
- 4.5 Om enige wederregtelike handeling te verhoed wat waarskynlik die gehalte van water in 'n waterhulpbron of waterwerk sal verlaag.
- 4.6 Om algemene toesig oor waterhulpbronne en waterwerke uit te oefen.
- 4.7 Om die vloei van 'n waterloop en die vloei van water in 'n waterwerk te reguleer deur te sorg dat:
- 4.7.1 Die kanaal daarvan skoongemaak word;
- 4.7.2 Die risiko van skade aan grond in die geval van vloede verminder word;
- 4.7.3 'n Waterloop, indien die loop daarvan as gevolg van natuurlike oorsake verander het, na sy loop terugkeer word.

- 4.8 Om ondersoek in te stel en aantekeninge te hou van-
 - 4.8.1 Die hoeveelheid water wat op verskillende vloeivlakke in die waterloop of waterwerk is;
 - 4.8.2 Die tye wanneer, en
 - 4.8.3 Die plekke waar water gebruik mag word deur persone wat geregtig is om water uit die waterhulpbronne of waterwerke te gebruik.
- 4.9 Om waterwerke te bou, aan te koop, of op 'n ander wyse te verkry, te beheer, te bedryf en in stand te hou wat nodig geag word vir-
 - 4.9.1 Die dreinerings van grond; en
 - 4.9.2 Die voorsiening van rou water aan grond vir besproeiings- en ander doeleindes.
- 4.10 Om die voorsiening van water uit 'n waterwerk en/of bron onder die Vereniging se beheer tydelik te staak of te verminder sover dit nodig is vir die uitvoering van enige van sy werksaamhede of vir enige ander rede wat nodig mag wees vir die behoorlike bedryf en beskerming van die waterwerk en/of bron.
- 4.11 Om oor die verspreiding en gebruik van water vanuit 'n waterhulpbron en 'n waterwerk toesig te hou en dit te reguleer ooreenkomstig die tersaaklike aansprake op watergebruik, deur die oprigting en instandhouding van toerusting of deur lede te verplig om op hul koste sodanige toerusting op te rig en in stand te hou vir:
 - 4.11.1 Meting en toewysing; of
 - 4.11.2 Die beheer oor uitkering vanuit die waterstroom.
- 4.12 Om sy lede te ondersteun met enige verandering in die registrasie van hulle gebruiksregte op water soos deur die Wet vereis.
- 4.13 Om sy lede by te staan met enige aansoeke om nuwe lisensies ingevolge artikels 25(1) en 40 op verdere en of nuwe watergebruiksregte soos kragtens die Wet vereis mag word.

5. Bykomende werksaamhede van die Vereniging

- 5.1 Die Vereniging kan ander werksaamhede as sy hoofwerksaamhede verrig slegs indien dit waarskynlik nie:
 - 5.1.1 Die Vereniging se vermoë om sy hoofwerksaamhede te verrig, sal beperk nie; en
 - 5.1.2 Tot finansiële nadeel van die Vereniging of sy lede sal strek nie.
- 5.2 Ander werksaamhede van die Vereniging kan insluit-
 - 5.2.1 Die verskaffing van bestuursdienste, opleiding en ander ondersteuningsdienste aan:
 - (a) Waterdienste-instellings; en
 - (b) Landelike gemeenskappe.
 - 5.2.2 Die verskaffing van opvanggebied bestuursdienste aan of namens die Verantwoordelike Gesag.

5.2.3 Die uitvoering van sodanige werksaamhede en pligte as wat ingevolge die Wet aan die Vereniging opgedra of gedelegeer mag word.

6. Stigterslede

6.1 Die stigterslede van die Vereniging is, soos uiteengesit in Aanhangsel 2 van hierdie grondwet, die huidige verkose Raadslede van die Groenland Besproeiingsraad (wat ingevolge Artikel 98(4) van die Wet omgeskakel staan te word na 'n Watergebruikersvereniging) en wat deur die lede van die gemelde Besproeiingsraad gemagtig is om namens hulle op te tree by die omskakeling van die gemelde Besproeiingsraad na 'n Watergebruikersvereniging.

6.2 Die stigterslede sal, vir die doeleindes van die eerste verkiesing van die lede van die Bestuurskomitee, geag word die Bestuurskomitee van die Vereniging te wees, met die bevoegdhele en pligte beperk tot die reël van 'n verkiesing ingevolge hierdie grondwet.

7. Lidmaatskap van die Vereniging

7.1 Enige persoon wat ingevolge die bepalings van Artikel 22(1) van die Wet, uitsluitende subartikel (1)(a)(I), beskik oor 'n gebruiksreg op water wat voorsien word vanuit waterwerke en/of waterbronne onder die Vereniging se beheer, mag 'n lid van die Vereniging word.

7.2 Die eerste lede van die Vereniging, wie se name in Aanhangsel 3 van hierdie grondwet voorkom, is:

7.2.1 Die huidige lede van die Groenland Besproeiingsraad (en is hulle almal outomaties lede van die Vereniging); en

7.2.2 Enige ander persone wat oor 'n wettige gebruiksreg op water binne die bedryfsgebied van die Vereniging beskik.

7.3 Aansoek om nuwe lidmaatskap van die Vereniging moet aan die Bestuurskomitee gerig word wat, tydens 'n vergadering van die Komitee, 'n aansoek moet oorweeg en toestaan, tensy daar goeie rede bestaan om dit af te wys.

7.4 Die Vereniging moet 'n persoon toelaat om lid van die Vereniging te word indien aldus deur die Minister gelas word.

7.5 'n Lid kan slegs met goedkeuring van die Bestuurskomitee as lid van die Vereniging bedank, welke Komitee nie sodanige goedkeuring onredelik mag weerhou nie.

7.6 Lidmaatskap van die Vereniging word beëindig indien 'n lid se gebruiksreg op water verval.

7.7 Die beëindiging van 'n lid se lidmaatskap tot die Vereniging beëindig nie outomaties sy aanspreeklikheid om enige agterstallige vorderings betaalbaar aan die Vereniging of enige deel van kapitaal, lenings en ander kostes ten opsigte van die Vereniging se infrastruktuur wat aan die lid toegeleel is voor of op die datum waarop sy lidmaatskap beëindig word, te betaal nie. Die

betrokke verpligtinge sal eers ten einde kom indien die betrokke lid sy verpligtinge teenoor die Vereniging ten volle nagekom het, of alternatiewelik voldoende sekuriteit, tot bevrediging van die Bestuursraad, verskaf het dat sy verpligtinge nagekom sal word.

- 7.8 Vorderings wat deur die Vereniging ten opsigte van water wat vir landboudoeleindes gebruik gehê word, asook rente wat daarop betaalbaar is, is 'n las op die grond ten opsigte waarvan dit gehê is, en 'n persoon wat die eienaar word van daardie grond is aanspreeklik vir sodanige vorderings wat op die tydstip waarop hy eienaar word, nie betaal is nie, en vir enige rente wat daarop betaalbaar mag wees, of daarna mag word.
- 7.9 Die lid wat enige van sy gebruiksregte op water op enige wyse wil oordra of opsê, moet die Bestuursraad skriftelik daarvan in kennis stel en die Bestuursraad se skriftelike aanbeveling vir goedkeuring van sodanige oordrag of opsegging verkry en sodanige aanbeveling aan die Verantwoordelike Gesag voorlê by die aansoek om goedkeuring van die oordrag of opsegging van die betrokke regte.
- 7.10 Die opvolgers in reg en titel van die gebruiksreg op water van lede van die Vereniging sal ook outomaties lede van die Vereniging wees.
- 7.11 Ander lede van die Vereniging wat nie deel uitmaak van lede soos bespreek onder paragrawe 7.1 tot 7.10 nie is:
- 7.11.1 Kleinboere-verenigings
 - 7.11.2 Plaaswerker-verenigings
- Hierdie groepe moet elk twee persone benoem wat die groepe as lede verteenwoordig.

8. Register van lede

Alle lede moet hul adresse van tyd tot tyd aan die persoon wat as sekretaris van die Vereniging optree, en wat 'n register van name en adresse van lede moet hou, deurgee.

9. Regte van lede

- 9.1 Lidmaatskap van die Vereniging gee nie aan enige lid reg op gelde, eiendom of bates van die Vereniging nie, maar gee slegs aan lede die voordele van lidmaatskap, onderhewig aan die vorderings en redelike beperkings wat van tyd tot tyd deur die Bestuurskomitee opgelê word.
- 9.2 'n Lid van die Vereniging is gebonde aan die grondwet en reëls van die Vereniging wat op daardie stadium van krag is en soos van tyd tot tyd gewysig.

10. Aanspreeklikheid van Lede en Serwituutverpligtinge

- 10.1 Die finansiële aanspreeklikheid van lede is beperk tot die bedrag van uitstaande vorderings en rente daarop wat deur hulle aan die Vereniging verskuldig is, maar met inagneming van die

bepalings van Artikel 60 van die Wet met betrekking tot verskuldigde vorderings ten opsigte van grond.

- 10.2 Waar enige waterwerk van die Vereniging oorskrei op, of die eiendom van enige lid kruis, sal die Vereniging alle serwitutregte geniet wat nodig is vir die behoorlike uitoefening van die Vereniging se funksies en sal die bepalings van die Wet, en meer besonder Artikels 126, 127 en 128 daarvan, geld.

11. Kwalifikasies vir kandidate as Lede van Bestuurskomitee

Enige lid van die Vereniging is, behoudens diskwalifikasies gedefinieer in Bylae 4 tot die Wet en indien die lid nie meer as honderd en tagtig (**180**) dae agterstallig is met gelde (insluitende rente) wat die lid aan die Vereniging verskuldig is nie, bevoeg om as lid van die Bestuurskomitee verkies te word: met dien verstande dat 'n lid slegs bevoeg is om as lid van die Bestuurskomitee verkies te word vir die subgebied waar daardie lid woonagtig is of waarbinne die watergebruiksreg uitgeoefen word.

12. Nominasie van en stemming vir lede van Bestuurskomitee

Elke persoon wie se naam op die kieserslys van die Vereniging voorkom en wat nie meer as honderd en tagtig (180) dae agterstallig is met gelde (insluitende rente) wat aan die Vereniging verskuldig is nie, is geregtig om kandidate as lede van die Bestuurskomitee te nomineer en tydens 'n verkiesing van lede van die Bestuurskomitee te stem. 'n Persoon wie se naam op 'n kieserslys voorkom wat ten opsigte van 'n subgebied van die Vereniging voorberei is, sal alleen geregtig wees om vir daardie subgebied kandidate te nomineer en in verkiesings van lede vir daardie subgebied of belangegroep te stem.

13. Lidmaatskap van Bestuurskomitee

- 13.1 Die Bestuurskomitee vir die bedryfsgebied van die Vereniging as geheel sal bestaan uit 20 lede en sal soos volg saamgestel word:

(a)	Subdistrik 1	5
(b)	Subgebied 1	1
(c)	Subgebied 2	1
(d)	Subgebied 3	1
(e)	Subgebied 4	1
(f)	Waterdienste-owerhede	
	Theewaterskloof	1
	Overstrand	1
	Stad Kaapstad	1
(g)	Plaaslike nywerhede	1
(h)	Nasionale nywerhede	1
(i)	Individuele Gebruikers/Plaaswerkers	2

(j)	Kleinboere	2
(k)	Openbare omgewingsorganisasies	1
(l)	Ontspanningsgebruikers	1

		20

- 13.1.1 Vyf persone wat deur lede wie se name op die kieserslys van die Vereniging verskyn, verkies word vir subdistrik 1.
- 13.1.2 Een persoon wat deur lede wie se name op die kieserslys van die Vereniging verskyn, verkies word vir subgebied 1.
- 13.1.3 Een persoon wat deur lede wie se name op die kieserslys van die Vereniging verskyn, verkies word vir subgebied 2.
- 13.1.4 Een persoon wat deur lede wie se name op die kieserslys van die Vereniging verskyn, verkies word vir subgebied 3.
- 13.1.5 Een persoon wat deur lede wie se name op die kieserslys van die Vereniging verskyn, verkies word vir subgebied 4.
- 13.1.6 Drie persone (een elk) benoem deur die Waterdienste-owerhede (Plaaslike Owerhede wat belang het in die gebruik van water uit die waterbronne en of werke onder beheer van die Vereniging).
- 13.1.7 Een persoon benoem deur plaaslike en een persoon benoem deur nasionale Nywerhede wat 'n belang het in die gebruik van water uit die waterbronne en/of werke onder beheer van die Vereniging.
- 13.1.8 Twee persone benoem deur Individuele Gebruikers van water wat nie lid van die Vereniging in terme van item 7 van die Grondwet is nie, maar wat 'n belang in die watervoorsiening van die Vereniging het, soos plaaswerkers.
- 13.1.9 Twee persone benoem deur die Klein beginnerboere wat 'n belang het of wesentliche vooruitsig het om in die voorsiene toekoms 'n belang te verkry in die water wat deur die Vereniging voorsien word. Met die term "Klein beginnerboer" in hierdie item word bedoel 'n persoon:
- Wat afkomstig is uit 'n voorheen benadeelde gemeenskap; en
 - Wat op klein skaal water vir besproeiing gebruik of sal gebruik.
- 13.1.10 Een persoon wat benoem word deur die openbare instansies wat betrokke is by Omgewingsbewing in die gebied.
- 13.1.11 Een persoon benoem deur die georganiseerde liggeme wat die oppervlak van die water in die bedryfsgebied vir Ontspanningsdoeleindes benut.
- 13.1.12 Enige ander persoon wat deur die goedgekeurde van die Verantwoordelike Gesag toegewys mag word as volwaardige lid en of afgevaardigde lid van die Vereniging; met dien verstande dat die verkose lede vir die subgebied deur die Bestuurskomitee belas kan word met spesifieke bedryfsaspekte verbonde aan die neem van water binne die verantwoordelikheidssterrein van daardie subgebiede en vir daardie doel as 'n Bestuurskomitee vir die subgebied kan funksioneer, met dien verstande dat hulle die bevoegdheid het om enige van die genomineerde lede op die Bestuurskomitee van die Vereniging te koöpteer sou hulle belange ter sprake kom.

13.2 Benoeming van bestuurslede

- 13.2.1 Die benoeming kragtens 13.1.8 geskied slegs indien en wanneer daardie belangegroep van persone bestaan.
- 13.2.2 Die benoemings waarna verwys word in items 13.1.6 tot 13.1.11 kan voorafgegaan word deur 'n interne verkiesing indien die belangegroep dit so verkies.

13.3 Ampstermyn

- 13.3.1 Die verkose lede van die Bestuurskomitee word, behoudens die diskwalifikasies in item 11 van die grondwet, vir 'n vaste termyn van drie jaar verkies, met dien verstande dat met die eerste verkiesing van lede van die Bestuurskomitee, die termyne van die lede soos volg sal wees:
- (a) Een-derde van die lede ten gunste van wie die meeste aantal stemme uitgebring is, beklee hul amp vir 'n termyn van drie jaar;
 - (b) Een-derde van die lede ten gunste van wie die volgende meeste aantal stemme uitgebring is, beklee hul amp vir 'n termyn van twee jaar; en
 - (c) Die balans van die lede beklee hul amp vir 'n termyn van een jaar.
- 13.4 Benoemde lede beklee hul amp vir 'n tydperk van 1 (een) jaar onderhewig aan nominasie vir 'n verdere tydperk van 1 (een) jaar, elk beperk tot 'n maksimum van 3 (drie) agtereenvolgende tydperke.
- 13.5 Indien 'n vakature in die Bestuurskomitee ontstaan, word dit ooreenkomstig hierdie item gevul, met dien verstande dat die lid verkies of benoem word vir 'n tydperk gelykstaande aan die oorblywende tydperk waarvoor die lid wat die amp ontruim het, nog in die amp sou dien.
- 13.6 Ten minste **14** dae kennis van die verkiesing van daardie subgebied of Belangegroep moet aan al die lede van daardie subgebied of belangegroep van die Vereniging gegee word.
- 13.7 Met enige verkiesing van persone om op die bestuurskomitees te dien, moet 'n lid in die subgebied waarin hy stemgeregtig is vir soveel kandidate stem as wat daar vakatures is en kan 'n persoon of in persoon sy stem uitbring, of kan hy aan 'n persoon wat kragtens item 12 van die Grondwet geregtig is om te stem, volmag verleen om namens hom te stem. Volmag kan verleen word deur gebruik te maak van die dokument wat spesiaal vir dié doel deur die Bestuurskomitee saamgestel is en waarin die reëls neergelê is vir die wyse waarop hierdie volmag moet geskied, asook die aantal volmagstemme wat deur een persoon uitgeoefen kan word.
- 13.8 Indien, met enige verkiesing van lede van die Bestuurskomitee,:
- 13.8.1 Twee of meer kandidate 'n gelyke aantal stemme ontvang het, sal die verkose lid deur loting onder toesig van die kiesbeampte aangewys word;
 - 13.8.2 Geen stemming nodig is nie omdat nie meer nominasies ontvang is as die aantal lede wat verkies moet word nie, sal die onderskeie ampstermyne van die betrokke lede deur loting onder toesig van die kiesbeampte bepaal word.

- 13.9 Indien meer persone in 'n belangegroep benoem word as wat daar vakatures is vir daardie belangegroep op die Bestuurskomitee wat deur benoeming gevul moet word, sal die benoemde lid aangewys word deur loting onder toesig van die kiesbeampte, of in sy/haar afwesigheid onder die toesig van die hoof-uitvoerende beampte.
- 13.10 Die Vereniging onderskryf die vereistes soos uiteengesit in Artikel 2 van die Wet met betrekking tot die versekering van toepaslike gemeenskaps-, ras- en geslagsverteenvoordinging en verbind homself tot die bevordering van die implementering daarvan tot die mate wat die Vereniging daartoe in staat is.
- 13.11 Sou die samestelling van die Bestuurskomitee bedoel in Item 13.1 na 'n verkiesing en benoemingsproses tot gevolg hê dat daar geen verteenwoordiging vir 'n bepaalde gemeenskap, ras en/of geslag op die Komitee is nie, moet die Voorsitter van daardie Komitee alle lede versoek om binne **14** (veertien) dae na kennisgewing, persone van daardie gemeenskap, ras en/of geslag wat daartoe ingestem het en wat nie lede van die Vereniging of watergebruikers hoef te wees nie, te nomineer om op die betrokke Bestuurskomitee te dien met dien verstande dat hulle 'n belang in waterverbruik in die bedryfsgebied moet hê. Die Voorsitter moet, na verstryking van die nominasietydperk, deur loting een van die benoemdes uit elke belangegroep vir 'n tydperk van een jaar as lid van die Komitee aanwys.
- 13.12 Alle lede van die Bestuurskomitee sal ten volle kan deelneem aan besluite oor waterbestuursaangeleenthede en die finansiering daarvan. Slegs lede wat 'n belang het in bepaalde waterwerke, sal kan deelneem en stem oor die besluite rakende daardie bepaalde waterwerke. Die Voorsitter van die Bestuurskomitee sal beslis of 'n lid stemgeregtig oor 'n bepaalde aangeleentheid is al dan nie.
- 14. Aanstelling van Voorsitter en Ondervoorsitter**
- 14.1 Na die verkiesing van die Bestuurskomitee, moet al die lede van daardie Komitee uit hul geledere 'n Voorsitter en Ondervoorsitter van die Vereniging kies. Die Bestuurskomitee kan enige persoon aanwys om vir daardie doel by die verrigtinge voor te sit.
- 14.2 Die Voorsitter en die Ondervoorsitter beklee hul amp vir 'n tydperk van twaalf maande vanaf die datum van hul verkiesing en is herkiesbaar.
- 14.3 Wanneer die ampstermyn van 'n Voorsitter of Ondervoorsitter verstryk, sal daardie persoon sy amp as voorsitter of ondervoorsitter beklee tot die daaropvolgende vergadering van die Bestuurskomitee, met dien verstande dat hy steeds 'n lid van die Vereniging is.
- 14.4 'n Nuwe Voorsitter en 'n nuwe Ondervoorsitter van die Bestuurskomitee sal jaarliks verkies word. Indien enige van hierdie ampte ontruim word voordat die termyn verstryk, moet die amp onmiddellik ooreenkomstig die prosedure in hierdie item uiteengesit, gevul word.

14.5 Al die lede van die Bestuurskomitee moet tydens so 'n verkiesing teenwoordig wees.

15. **Kieserslys**

15.1 Die stigterslede van die Vereniging moet 'n persoon verkies om die kieserslys op te stel vir die eerste verkiesing van lede van die Bestuurskomitee. Die kieserslys moet die volgende aantoon:

15.1.1 Die name van al die lede wat in Aanhangsel 3 van hierdie grondwet ingesluit is en, waar van toepassing, die naam van 'n lid se gemagtigde verteenwoordiger;

15.1.2 Besonderhede van elke lid se gebruiksreg op water;

15.1.3 Die aantal stemme waarop 'n lid geregtig is.

15.2 Indien die Vereniging se bedryfsgebied in subgebiede ingedeel is, moet die kieserslys ook in subgebiede verdeel word en besonderhede genoem in item 15.1 moet onder die verskeie subgebiede en belangegroepes aangetoon word.

15.3 Die aantal stemme word bepaal op die grondslag van een stem vir elke **30 000 m³** water of gedeelte daarvan toegedeel as 'n lid se gebruiksreg, met dien verstande dat aan geen lid meer as **tien** (10) stemme toegeken word nie.

15.4 Indien die gebruiksreg op water nie in die naam van 'n natuurlike persoon is nie, moet die houer 'n gemagtigde verteenwoordiger nomineer wie se naam op die kieserslys moet verskyn en wat 'n stem kan uitbring.

15.5 Indien die gebruiksreg in twee of meer persone se name gehou word, moet hulle een van hulle benoem om hulle te verteenwoordig en daardie persoon se naam moet op die kieserslys verskyn en hy/sy kan die stem uitbring.

15.6 Die kieserslys moet jaarliks deur die Bestuurskomitee van die Vereniging hersien word en ook wanneer daar 'n wysiging van die Vereniging se bedryfsgebied plaasvind.

16. **Aanstelling van werknemers**

16.1 Die Bestuurskomitee van die Vereniging kan sodanige persone in diens neem as wat dit nodig ag vir die verrigting van die Vereniging se werksaamhede kragtens hierdie grondwet.

16.2 Die aanstelling van werknemers of enige verandering in hul diensvoorwaardes moet deur die Bestuurskomitee by wyse van resoluëie goedgekeur word.

16.3 Alle werknemers van die Vereniging bly in hul ampte aan ongeag enige verandering in die samestelling en lidmaatskap van die Bestuurskomitee.

- 16.4 Die Watergebruikersvereniging onderskryf die transformasieproses en indikatore soos in die besigheidsplan omskryf en sal veral aandag skenk aan verteenwoordiging in die samestelling van die Bestuurskomitee en aanstelling van werknemers.
- 16.5 Die Watergebruikersvereniging verbind homself om te voldoen aan, onder andere, die volgende toepaslike wetgewings (of regstellings daarvan, waar van toepassing):
- (a) Wet op Gelyke Indiensneming (Wet No. 55 van 1998)
 - (b) Wet op Basiese Diensvoorwaardes (Wet No. 75 van 1997)
 - (c) Wet op Arbeidsverhoudinge (Wet No. 66 van 1995)
 - (d) Wet op Vaardigheidsontwikkeling (Skills Development Act (Wet No. 97 van 1998)
 - (e) Wet die Raamwerk vir Voorkeurverkrygingsbeleid (Wet No. 5 van 2000)

17. **Aangaan van lenings**

- 17.1 Die Bestuurskomitee van die Vereniging kan enige fondse bekom deur lenings, met inbegrip van oortrokke fasiliteite by banke, wat deur die Bestuurskomitee benodig word ten einde enige van sy werksaamhede kragtens hierdie grondwet of die Wet uit te voer.
- 17.2 Wanneer die Bestuurskomitee beoog om 'n lening aan te gaan, moet dit skriftelik van hierdie voorneme kennis gee en alle besonderhede van die voorstel uiteensit. Die kennisgewing moet aan elke lid van die Vereniging gegee word nie minder nie as 21 dae voor die datum van die vergadering van die Komitee waarop die voorstel oorweeg sal word.
- 17.3 Geen lening mag aangegaan word sonder 'n resoluëie van die Bestuurskomitee van die Vereniging wat aanvaar is by 'n vergadering waarby nie minder nie as twee-derdes van die lede van die Bestuurskomitee teenwoordig was nie.

18. **Vorderings en die invordering van vorderings**

- 18.1 Ter bestryding van uitgawes wat die Bestuurskomitee wettiglik aangegaan het of wettiglik kan aangaan in die verrigting van sy werksaamhede en pligte, kan die Bestuurskomitee jaarliks vorderings hef op lede ooreenkomstig die prysstrategie vir watergebruik, soos deur die Minister bepaal. Die heffing moet in aanmerking neem die begroting wat die Bestuurskomitee van enige subgebied opgestel het vir die finansiering van die bedryfs-, onderhouds- en verbeteringsuitgawes ten opsigte van waterwerke onder die bestuur en beheer van daardie komitee en die heffing sal dienooreenkomstig op 'n differensiële basis geskied.
- 18.2 Die Bestuurskomitee kan die vorderings wat gehef is invorder van òf
- 18.2.1 Die eienaar van die betrokke grond; òf
 - 18.2.2 Enige persoon aan wie water op die grond voorsien word.

- 18.3 Wanneer die Bestuurskomitee 'n vordering gehef het, moet die Komitee 'n heffingslys opstel waarin uiteengesit word:
- 18.3.1 Die naam van elke persoon wat vir die betaling van vorderings aanspreeklik is;
 - 18.3.2 'n Beskrywing van die stuk grond, wat 'n spesiaal afgebakende gebied kan wees, ten opsigte waarvan die vordering gehef word;
 - 18.3.3 Die hoeveelheid water of onttrekkingstydperk waarop die lid geregtig is;
 - 18.3.4 Die bedrag van die vordering wat gehef word;
 - 18.3.5 Die datum of datums waarop betaling verskuldig is en die bedrag wat op elke datum verskuldig is;
 - 18.3.6 Die rentekoers wat betaalbaar is op nie-betaling en die effektiewe datum van rente.
- 18.4 'n Afskrif van die heffingslys moet te alle redelike tye in die kantoor van die Vereniging, vir insae deur enige belanghebbende, beskikbaar wees.
- 18.5 Indien enige vordering of gelde, insluitende rente, na behoorlike kennisgewing meer as 90 dae agterstallig is, kan die Vereniging benewens die magte aan hom toegeken kragtens Artikel 59(3) van die Wet, sonder enige verdere kennisgewing aan die skuldenaar die verskuldigde bedrag vorder deur 'n dagvaarding uit te reik in 'n landdroshof wat dan jurisdiksie sal hê ongeag die grootte van die bedrag verskuldig en sal die skuldenaar aanspreeklik wees vir alle invorderings- en regs-koste, insluitende prokureur- en kliëntkoste.

19. Jaarverslag

Die Bestuurskomitee van die Vereniging moet, **so gou moontlik, maar nie later as ses maande** na die einde van die Vereniging se boekjaar nie, 'n algemene vergadering van lede belê en sal op hierdie vergadering-

- 19.1 'n Geouditeerde finansiële staat van die Vereniging se rekeninge vir die afgelope boekjaar, met ingebrip van volledige besonderhede van enige besoldiging deur die Vereniging betaal aan lede van die Vereniging en werknemers van die Vereniging, ter tafel lê; en
- 19.2 'n Uiteensetting aan die lede gee van sy bedrywighede gedurende die jaar.

20. Likwidasië

Die Vereniging kan ontbind word deur die aanvaarding van 'n resoluëie by 'n spesiale algemene vergadering spesifiek vir hierdie doel gehou, met dien verstande dat-

- 20.1.1 Die resoluëie aanvaar is deur 'n twee-derde meerderheid van die lede teenwoordig en wat geregtig is om op die vergadering te stem; en
- 20.1.2 Die resoluëie bevestig is deur die meerderheid van die stemgeregtigde lede teenwoordig by 'n verdere spesiale algemene vergadering, wat nie minder as vier weke na die vorige spesiale algemene vergadering gehou is nie.

20.2 'n Vergadering wat 'n resoluëie soos bedoel in subitem 20.1.1 van hierdie grondwet aanvaar, kan ook besluite deur meerderheidstem aanvaar vir:

20.2.1 Die aanstelling van 'n likwidateur; en

20.2.2 Die beskikking oor surplus fondse en bates van die Vereniging na die likwidasië en na betaling van al die skulde en verpligtinge van die Vereniging, met dien verstande dat enige surplus bates alleenlik aan 'n Vereniging of instelling met soortgelyke doelstellings as die van die Vereniging, of aan die Minister oorgedra kan word.

21. Wysiging van Grondwet

21.1 Hierdie grondwet kan deur die lede van die Vereniging met goedkeuring van die Minister, gewysig word indien:

21.1.1 'n Spesiale vergadering van lede wat vir die doel belê is en deur middel van 'n hoofdelike stemming ten gunste van sodanige wysiging stem, met dien verstande dat die aantal lede wat ten gunste van die wysiging stem ten minste twee-derdes is van die aantal lede wat op die vergadering teenwoordig is en ten minste vyftig persent (50%) is van die totale aantal lede volgens die jongste kieserslys van die Vereniging;

21.1.2 'n Kennisgewing wat woordeliks die voorgestelde wysiging vervat, ten minste 21 dae voor die datum van die vergadering aan al die lede gepos is.

21.2 Alleenlik die voorgestelde wysiging waarvan skriftelik kennis gegee is en wysigings daarop kan op sodanige spesiale vergadering behandel en oor gestem word.

Aanhangsels tot Grondwet

Aanhangsel 1 Plan wat Bedryfsgebied aangedui

Aanhangsel 2 Lys van Stigterslede van die Vereniging

Aanhangsel 3 Lys van Subgebiede met eerste lede van die Vereniging

Aanhangsel 4 Bylae 4

2. Doelstellings

Die hoofdoel van die GBR is om rou water op te gaar en te versprei aan sy lede. GBR is 'n diensorganisasie vir sy lede en geen winsbejag word nagestreef nie.

2.1 Dam

Die Eikenhofdam is geleë in die Palmietrivier. Die opgaar kapasiteit is geregistreer by Departement van Waterwese en Bosbou (DWAF) ingevolge permit no: B191/2/740/1 gedateer 30 September 1999 vir 29 miljoen kubieke meter.

2.2 Verspreidingstelsel

2.2.1 Die waterwerke bekend as die Eikenhofdam met sy verspreidingstelsel bestaan uit 'n geslote pypstelsel. Die pyplyne is gelê oor verskillende eiendomme waaroor GBR die nodige sewituut regte beskik.

2.2.2 Die bedryfsgebied van GBR is die subdistrik: Groenland opgaar & verspreidings netwerk van die Groenland Watergebruikersvereniging.

3. Lidmaatskap

3.1 Lidmaatskap word bepaal deur die amptelike register bekend as die Lys van Belasbare Oppervlaktes (LBO).

3.2 Lidmaatskap van GBR gee nie aan enige lid die reg op gelde, eiendom of bates van GBR nie, maar gee slegs aan lede die voordele van lidmaatskap, onderhewig aan die vorderings en redelike beperkings wat van tyd tot tyd deur die Uitvoerende komitee opgelê word.

3.3 'n Lid van GBR is gebonde aan die grondwet, reëls en regulasies van GBR wat op daardie stadium van krag is en soos van tyd tot tyd gewysig.

3.4 Lede van GBR moet toesien dat inlystings op die LBO lys korrek en op datum is.

4. Kieserslys

4.1 Die kieserslys, ook bekend as die LBO lys (Lys van Belasbare Oppervlaktes) is 'n geïntegreerde register met besonderhede van lede, grondbeskrywing, grootte van grond, titelakte besonderhede, ingelyste hektare, somerwater en winterwater toekennings.

4.2 Die bestuur is verantwoordelik vir die byhou van die LBO register en moet minstens een maal per jaar aan DWAF voorgelê word.

4.3 Die LBO lys moet te alle tye by die kantoor van GBR beskikbaar wees.

4.4 Die onus berus by lede om toe te sien dat hul besonderhede te alle tye korrek en op datum is.

5. Stemreg

- 5.1 Die aantal stemme word bepaal op die grondslag van een stem vir elke een hektaar ingelys of gedeelte toegedeel as 'n lid se gebruiksreg, met dien verstande dat aan geen lid meer as 10 (tien) stemme toegeken word nie.
- 5.2 Indien die gebruiksreg op water nie in die naam van 'n natuurlike persoon is nie moet die houer 'n gemagtigde verteenwoordiger nomineer (volmag) wie se naam op die kieserslys moet verskyn en wat 'n stem kan uitbring.

6. Uitvoerende Komitee

- 6.1 Enige lid van GBR mag homself per nominasie verkiesbaar stel om op die Uitvoerende komitee te dien. Nominasies moet voor die sluitingsdatum aan die betrokke kiesbeampte oorhandig word.
- 6.2 In spesiale gevalle waar 'n lid gekoöpteer word om op die Uitvoerende komitee te dien sal hy/sy nie stemreg hê op 'n vergadering nie. Die Uitvoerende komitee kan ook nuwe lede nomineer.
- 6.3 Geen vergoeding sal aan Uitvoerende komitee lede betaal word nie.
- 6.4 Die Uitvoerende komitee sal bestaan uit minstens 5 (vyf) en maksimum 9 (nege) lede.
- 6.5 Die ampstermyn van die verkose lede is vir 'n vaste termyn van 3 (drie) jaar verkies waarna hy/sy hul hulself weer herkiesbaar kan stel. Dieselfde termyne geld vir die Voorsitter en Ondervoorsitter.
- 6.6 Enige Uitvoerende komitee lid wie se rekening meer as 90 dae agterstallig is se ampsposisie word vakant.
- 6.7 Die Uitvoerende komitee vergader kwartaaliks.
- 6.8 Alle besluite moet geneem word per resoluksie. 'n Vergadering mag slegs besluite neem indien 'n kworum van 50% plus een teenwoordig is.
- 6.9 Die Uitvoerende komitee is verantwoordelik vir aanstelling van personeel.
- 6.10 Die Uitvoerende komitee kan vorderings hef van lede. Die heffings is vir die finansiering van die administrasie, bedryfs-, onderhouds- en verbeterings uitgawes ten opsigte van die waterwerke. Die Uitvoerende komitee kan beide kapitaal aankope en dag tot dag aankope goedkeur.

7. Administrasie

- 7.1 Die bestuur moet alle vorderings invorder wat deur die Uitvoerende komitee in sy jaarlikse begroting goedgekeur is.
- 7.2 Die bestuur kan alle dag tot dag aankope doen binne die raamwerk van die goedgekeurde begroting.
- 7.3 Kapitaal aankope moet deur die Voorsitter of ondervoorsitter goedgekeur word.
- 7.4 Die bestuur moet in die uitvoering van sy taak handel volgens amptelike resolusies, reëls en regulasies soos vervat in amptelike notules van GBR.
- 7.5 Die finansiële jaar van GBR strek van 1 Julie tot 30 Junie. Die Uitvoerende komitee moet so gou moontlik, maar nie later as 6 maande na die einde van die boekjaar nie, 'n algemene vergadering van lede belê. 'n Geouditeurde finansiële staat van GBR se rekeninge vir die afgelope boekjaar, met inbegrip van 'n uiteensetting aan die lede van sy bedrywighede die afgelope boekjaar gee.